

Hoofstuk van die dag: Esegiël 6

> *(Dan) sal julle besef dat Ek die Here is. (Eseg 6:7, 10, 13, 14)*

Die ballinge kon maar net nie verstaan hoekom God die ballingskap toegelaat het nie, en dit ten spyte van al die

waarskuwings van Jeremia. Weer en weer het hy gesê dat hulle probleme die gevolg was van hulle eie afgodsdiens en ander sondes.
In Babel het God vir Esegiël gebruik om dit nog eens duidelik te maak. Oor ’n tydperk van 20 jaar het die profeet herhaaldelik die sondes van die volk uitgespel, en hulle gewaarsku dat God se oordeel onvermydelik op hande is. Maar hulle wou nie luister nie.
Dis in die lig hiervan dat ons die frase: “(Dan) sal julle besef dat Ek die Here is”, wat tussen 60 en 70 keer in die boek herhaal word, moet verstaan. Dikwels sê die Here dit selfs midde-in die waarskuwings, soos in hierdie hoofstuk gebeur (verse 7, 10, 13, 14).
Ons kan die Here ken, óf in sy genade en ontferming, óf in sy woede en oordeel. Die keuse is ons s’n. Ons sal egter beslis weet dat God die Here is, wat ook al ons keuse is. Want Hy wil gehoor word, en gehoorsaam word. Hy is die Here. Dit moet ons goed verstaan.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026